

Skriflesing: Psalm 74Teks: **Psalm 74:19**Sing - **Ps. 74:1,2; Ps. 68:6; Ps. 102:1,4; Ps. 74:14, 15****Psalm 74****Psa 74:1** 'n Onderwysing van Asaf. o God, waarom het U vir altyd verstoot? Waarom rook u toorn teen die skape van u weide?**Psa 74:2** Dink aan u vergadering wat U in die voortyd verwerf het, wat U verlos het om die stam van u erfdeel te wees, aan die berg Sion waar U op gewoon het.**Psa 74:3** Hef u voete op na die ewige puinhope: alles het die vyand in die heiligdom verniel.**Psa 74:4** U teëstanders het binne-in u vergaderplek gebrul; hulle het hul tekens as tekens gestel.**Psa 74:5** Dit lyk soos wanneer iemand byle omhoog hef in 'n digte plek bome.**Psa 74:6** En nou—die houtsnwywerk daarvan het hulle alles met byl en hamers stukkend geslaan.**Psa 74:7** Hulle het u heiligdom aan die brand gestee; tot die grond toe het hulle die woonplek van u Naam ontheilig.**Psa 74:8** Hulle het in hul hart gesê: Laat ons hulle almal saam onderdruk! Hulle het al die vergaderplekke van God in die land verbrand.**Psa 74:9** Ons sien nie ons tekens nie; daar is geen profeet meer nie, en by ons is daar niemand wat weet hoe lank nie.**Psa 74:10** Hoe lank, o God, sal die teëstander smaad aandoen, sal die vyand u Naam vir altyd verag?**Psa 74:11** Waarom trek U u hand, ja, u regterhand, terug? Trek dit uit u boesem! Vernietig!**Psa 74:12** Nogtans is God my Koning van die voortyd af, wat verlossing werk op die aarde.**Psa 74:13** U het deur u sterkte die see geklief; U het die koppe van die seemonsters op die waters verbreek.**Psa 74:14** U het die koppe van die Leviátan verbrysel; U het hom gegee as voedsel vir 'n volk—vir woestyndiere.**Psa 74:15** U het fontein en stroom oopgeslaan; U het standhoudende riviere laat opdroog.**Psa 74:16** Aan U behoort die dag, aan U behoort ook die nag; U het hemelligte en son vasgestel.**Psa 74:17** U het al die grense van die aarde bepaal; somer en winter, U het hulle geformeer.**Psa 74:18** Dink hieraan: Die vyand het die HERE gesmaad, en 'n dwase volk het u Naam verag.**Psa 74:19** Gee aan die wilde diere die siel van u tortelduif nie oor nie; vergeet nie vir altyd die lewe van u ellendiges nie.**Psa 74:20** Aanskou die verbond, want die donker plekke van die land is vol wonings van geweld.**Psa 74:21** Laat die verdrukte nie beskaamd terugkom nie; laat die ellendige en behoeftige u Naam prys.**Psa 74:22** Staan op, o God, verdedig u saak; dink aan die smaad wat U die hele dag aangedoen word deur 'n dwaas.**Psa 74:23** Vergeet nie die geroep van u teëstanders nie—die rumoer van u opstandige vyande, wat altyddeur opgaan!**Skriflesing:** Psalm 74Teks: **Psalm 74:19**Sing - **Ps. 74:1,2; Ps. 68:6; Ps. 102:1,4; Ps. 74:14, 15**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om vandag by hierdie afskeid en losmaking van hierdie gemeente met u Psalm 74 oop te maak, is 'n voorreg om u ook met 'n tortelduif te vergelyk. Om u ook vandag as God se tortelduif te sien is 'n vergelyking wat ons op verskeie maniere kan aangryp. Aan die een kant is 'n tortelduif beeld van skoonheid, reinheid en sagmoedigheid. Aan die ander kant is daar min diere so weerloos soos 'n tortelduif. So 'n duif het nou maar eenmaal geen sterk en gevaarlike kloue of baie sterk snawel waarmee die dier sy teenstander kan afskrik en homself verdedig nie.

Die volk Israel maak ook u as die Here se Kerk hier vandag mag u eie weerloosheid en broosheid nooit geringskat nie. Waar ons ook Kerk van die Here is, hier of in Postmasburg of waar ook al as kerk ons, ons bevind, is en bly ons in 'n sekere sin tortelduif.

Vir u as tortelduif van die Here is daar baie uit Psalm 74 om nog weer aan vas te gryp. Die Psalm wat begin met die baie moeilike “waarom”- vraag waarvan gelowiges ook nie kan weghardloop nie. In Israel se geval is hulle “waarom” ’n baie seer en diep vraag ... ja so erg dat dit herhaal word - vers 1: *waarom het U vir altyd verstoot? Waarom rook u toorn teen die skape van u weide?*

Hierdie waarom lê waar die tempel verwoes lê. Die Babiloniërs het in 586vC hierdie verskrikking gebring. Die Israëliete wat nie in ballingskap weggevoer was nie moes die absolute vernietiging van eie goed en heil aanskou. Ja, hoe verskriklik was dit om in die ballingskap te moes gaan maar nou ook hoe verskriklik is dit om te moes agterbly en te beleef wat vir ons kosbaar was, word eenvoudig vernietig. As daar gepraat word van God se toorn rook teen die skape van sy weide dan sien ons hoe die tempel afgebrand was. Vers 7 noem die rook by name – *Hulle het u heiligdom aan die brand gesteeek ...* Dit het puinhope geword daar waar hulle gebly geleef en hulle kinders wou grootmaak. Veral die vernietiging in en rondom die tempel, dit wat heilig moes wees het die ergste deurgeloop. Dit kom voor asof niks heel gebly het nie. Die Psalm praat van dit het geword *ewige puinhope*, hoe die vyand die heiligdom verniel, ja in die heiligste van plekke het hulle vyande ingedring. Hulle het alles in die heiligdom verniel ... Veral ook dit wat in vers 4 staan is so ingrypend- *4 U teëstanders het binne-in u vergaderplek gebrul; hulle het hul tekens as tekens gestel...*

Tekens is vir God se kinders waardevol, ja in die tempel was daar baie tekens. Dit wat die goue kandelaar beteken het, dit wat die twee altare beteken het, die brandoffer-altaar en die reukoffer-altaar, dit wat die toonbrode beteken het, dit wat die voorhangsel beteken het, ja so sal ons klomp dinge kan noem, om nie eers te praat van watter besondere tekens daar rondom die verbondsark was nie. Die ark met sy versoendeksel, sy gerubs daarbo, die kliptafels van die Wet daarbinne, die draaghoute wat nie uitgehaal mag word nie. Ryke tekens, soveel ryke simboliek wat Israel as hulle tekens kon beskou. Ja, soos wat die Doop en die Nagmaal vandag vir ons ryke

tekens is, heilige sakramente wat heilig gehou moet word. Nou besing hierdie sanger wat 'n lied van Asaf voortdra iets van wat het ons oorgekom- ons vyande het hulle tekens as tekens voorgestel. So asof ons tekens maar net vervang kan word, so asof ons tekens nie tekens kan wees nie, niks werd is nie. Om jou tekens te verwyder is om ten diepste jou identiteit, jou kindskap, ja dit wat jou verhouding met God kon afbeeld soos 'n spieël op die grond stukkend te gooi, niks wat kosbaar was wat meer afgebeeld kon word nie. Geen tekens meer nie, want my vyand word sy eie teken en wil vir my kom teken wat ons tekens moet wees.

Die brandende vraag wat die hart kan uitbrand is natuurlik hoe word sulke tekens weer herstel. As die kliptafels met sy twee kante daar stukkend lê wie kan dit kom regmaak? Geen mens wat daardie skerwe weer sal kan optel en dit aanmekaar plak en die skrif daarop terugbring soos God dit met sy eie vinger geskryf het nie. Onherhaalbare tekens word agtergehaal tekens as dit wat dit eintlik wil beteken nie meer ingesien en geglo word nie.

Dit word 'n verwoesting diep binne-in die hart en jou geskiedenis word uitgeskeur, ja die blaai van jou geskiedenis word soos met bome gemaak. Al is die bos hoe dig waaruit daardie papier kom van wat ons geskiedenis was, daardie bome word eenvoudig afgekap ... ja die verwoesting van vv 5 tot 7 is geen illusie nie - en ons leef in 'n sekere sin ook in sulke verwoestende tye, net anders toegepas, baie meer subtiel- *5 Dit lyk soos wanneer iemand byle omhoog hef in 'n digte plek bome.6 En nou—die houtsnywerk daarvan het hulle alles met byl en hamers stukkend geslaan.7 Hulle het u heiligdom aan die brand gestee; tot die grond toe het hulle die woonplek van u Naam ontheilig.* Dit alles steeds verbind aan die vermetelheid - *hulle het hul tekens as tekens gestel.*

Geliefdes, dis verskriklik wanneer dit gebeur. Daaroor kan niemand verskil nie, maar hoe swaar word dit om die nog swaarder deel te moet hoor. Israel kan nie alleen hulle vyande blameer nie, maar is hierdie totale verskrikking in hulle eie kerk-wees te soek en het hulle hulself hieroor moes verantwoord. In 2 Konings 24 en 25 kom die geskiedenis hard op hulle neer - in 2 Konings 24 lees ons in vers 20: *20 Want weens die toorn van die HERE het dit oor Jerusalem en Juda gekom, totdat Hy hulle van sy aangesig weggewerp het.* En dan die laaste hoofstuk van 2 Konings – hfst. 25 staan dit heel kort opgesom- vers 21 - *En Juda is uit sy land in ballingskap*

weggevoer. Al staan die feitlike van die geskiedenis in 2 Konings duidelik om te lees is dit nie asof Israel nie gewaarsku was nie. Hier dink ons veral aan Jeremia wat hierdie ruïnes van Psalm 74 sien kom het. Hoe het hy nie sy volk probeer waarsku dat hulle na die Here moes terugkeer. Hulle hul moet bekeer, die Here se Woord nie verwerp nie. Luister maar hoe Jeremia sy volk in hfst. 24 waarsku wat die werklikheid van Psalm 74 teweeggebring het. Jer. 24:9- *9 en Ek sal hulle 'n skrikbeeld maak, 'n onheil vir al die koninkryke van die aarde, 'n smaad en 'n spreekwoord, 'n spot en 'n vervloeking in al die plekke waarheen Ek hulle verdrywe ...*

Die geweldige verwoesting wat Psalm 74 God se kinders laat hoor en sien, tekens wat nou ander betekenis gekry het, gaan altyd om hoor maar sien ook wat die Here doen. Dit is asof Asaf in sy onderwysing ons by die magtigste punt van gebeure wil uitbring wat u as gemeente ook altyd weer by mag uitkom. Dink daaraan, dit is asof die mens God aan sy hand wil vat en jy as mens vra die Here loop met my saam na hierdie ruïnes van ons bestaan. Die mens wat vir God vra om sy voete op te lig, vers 3- *Hef u voete op na die ewige puinhope ...* en dan gaan dit nie net oor 'n beskrywing van wat alles reeds vernietig is nie; dit gaan ook nie net oor wat nie meer gesien en gehoor kan word nie. Ons sien nie meer ons eie tekens nie, ons hoor nie meer ons profete nie. Dit wat God se Woord die lewende Woord maak gebeur nie. Daarom dat hulle ook geen maat van lengte of duur kon aanlê nie. *Niemand wat weet hoe lank nie ...* Dit wat ons in Christus ook moet weet wanneer Hy tot ons spreek dan bring Hy die woorde van die lewe, die Heilige Gees is die Een wat lewe wek waar geen lewe was nie. Waar die ruïnes en puinhope gelê het, daar kom God en maak die verskil. Tog gebeur dit nie asof daar geen begroning vir God in sy eie werke is nie.

God begrond Homself vanuit sy verbond. Dis die mooie van vers 20- *Aanskou die verbond ...* Maar laat ons die verbond alreeds in die begin van die Psalm nie miskyk nie. Vers 2 het alles met die verbond van God te make. Nog vóór die verskriklike verwoesting beskryf word, word daar aan die Here gevra - *2 Dink aan u vergadering wat U in die voortyd verwerf het, wat U verlos het om die stam van u erfdeel te wees, aan die berg Sion waar U op gewoon het.* Om wel 'n vergadering te kan wees, om te weet God het my verlos, ek kry deel aan wat Hy belowe, dit is ook my erfenis, ja waar God sy tempel op die berg Sion laat bou het, is alleen vanuit die verbond moontlik. Die begroning van wat God doen wil Hy dit nie anders as vanuit Sy verbond

doen nie. Wanneer ons hierdie begroning alleen vanuit die verbond van die Here sien plaasvind dan dien dieselfde verbond as begroning van die belydenis wat vanaf vers 12 tot 17 aan die opbou is.

Dié God wat Asaf vir Hom vra dat Hy wat God is Self moet aanskou dit wat vernietig is. Hy vra God loop saam op die pad wat ons ons eie agteruitgang besef want wil Hy hê God moet weet hoe erg dit is. Dis asof so 'n versoek God vanuit die hemel vra om op die aarde te kom saamloop. God vertel nie net aan ons hoe erg die agteruitgang is nie, maar nou wil die mens God op hierdie agteruitgang wys. Watter genade om dit in Christus te sien. Die God wat in Christus vanuit die volmaakte hemel op hierdie stukkende aarde kom saamloop.

Dan maak God duidelik dit wat die mens hard tref gaan by Hom die Here nie verby nie. Dit raak God so direk. Daarom dat ons steeds die belydenis van vv 12 tot 17 op 'n ander manier sien werk. Eers word God se grootheid bely. Daar is geen van die magtige seediere wat nie aan Hom onderwerp is nie. Seediere wat op die rotse verpletter kan word en dan vreet aasvreters hulle ook maar op, maak nie saak hoe groot hulle was nie. Die digter vleg as't ware die temas van die skeppingsverhaal en die Eksodus-verhaal in een. Die God wat die see gemaak het, het ook 'n pad daardeur kon maak - *13 U het deur u sterkte die see geklief...* Dit wat op soveel chaos gedui het, ja so was alles ook aan die begin woens en leeg, daar het God orde gebring. Ja, u kan self die besondere temas uit Genesis 1 na hierdie Psalm sien terugvloei. Hoe daar voedsel gegee word, hoe daar strome en riviere begin vloei, hoe riviere inderdaad ook kan opdroog, selfs die son en die maan, dit wat besondere verbondstekens in God se verbond met die aarde is word ook as tekens in die Psalm aangehaal. Dit gaan nie net oor die dag-en-nag-eweninge nie, dit gaan ook oor die seisoene, somer winter is God se indeling om oor die grense van die aarde nie stil te bly nie. Die hele aarde is deur God begrens. Dit bewys alles wat vers 12 mee begin het. God my Koning vir ewig of soos dit hier staan - *12 Nogtans is God my Koning van die voortyd af, wat verlossing werk op die aarde.*

Dit waarmee Psalm 74 ook die toekoms van hierdie gemeente begrond is om te weet God is die Een wat vanuit sy almag kan ingryp. Presies soos in die Psalm vir die Here gevra word. Al is daar baie agteruitgang, baie teëstand, baie wat hierdie gemeente anders maak as wat dit 10 jaar,

20 jaar, 30 jaar gelede was, so baie in die middestad het verander. Ons kry oor vooruitgang in die stad nie ons gedagtes gerig nie, want wat is vooruitgang nou eintlik? Is dit maar net 'n aangaan, 'n voortgang of is dit bedoel om meer as dit te wees ... ?! Dit wat hierdie gemeente 160 jaar gelede voor die Here moes wees, dit moet ons nou nog wees. Die verbond wat die Psalm aangryp en besing het nie verander nie. Daarom kan ons werklik ons voortgang ook bely as vooruitgang wanneer ons in God se hande is.

Ons vir God mag vra soos hierdie Psalm na sy beskrywing van verskriklike diere en seemonsters en woestyndiere en agteruitgang en alles daarmee saam - tog laat ons nie ophou om vir God te bly vra- *19 Gee aan die wilde diere die siel van u tortelduif nie oor nie ...* Hierdie gemeente wat ook as tortelduif van die Here gesien mag word. Die weerlose onder die baie gevare wat daar is, tog bly die duif die skone, die reine, iets van die sagmoedige ook met sy weemoedige gekoer as daar na 'n duif gekyk en geluister word. Dit wat die lam onder die viervoetige diere is, ja dit waarmee Christus dikwels vergelyk word, die Lam van God, soos die lam onder die viervoetiges is die duif onder die tweevoetiges. Hiermee saam waar lam en duif in ons kerk-wees na vore kom, is dit aangrypend dat met Christus se doop het die Heilige Gees soos in die gedaante van 'n duif neergedaal en op Jesus, die Lam kom sit. Daardie duif wat by Noag die ark uitgelaat was, wat geen rusplek kon vind nie, daardie duif het nou sy rusplek gevind.

Dieselfde duif-gedaante waarmee Psalm 74 tot die Here nader en waarmee die Heilige Gees tot ons nader, mag u in die gemeente dit nooit mislyk nie, dit nooit verloor nie. Vra die Here, doen dit altyddeur dat die siel van sy tortelduif nie aan wilde diere oorgegee word nie. Die duif was die enigste onder die voëls wat God op die offeraltare toegelaat het. Daarin wil God in Christus ons vanuit sy Lam wat ons geregtigheid voor Hom is, ook bring by sy Duif, wat ons heiligmaking voor dieselfde God moet wees. Die Heilige Gees wat Homself die gedaante van 'n duif kon aantrek wil God se gemeente ook God se tortelduif maak. Daarin moet 'n gemeente van God sy duiwe-aard nie net altyddeur koester en wil bly raaksien nie, maar mag u dit ook nooit verloor nie. Wees skoon en heilig voor die Here soos die duif dit in sy afbeelding rondom die werk van die Heilige Gees ons laat raaksien.

Hosea beskryf in hfst. 11 ook iets wat hier altyd nog moet gebeur - Dat daar agter die Here aangetrek mag word, al brul die Here soos 'n leeu, laat ons wel soos 'n voëltjie, in meer besonderhede stel Hosea dit – soos 'n duif agter die Here wil aantrek. Dan vlieg ons weg met vlerk gesnel van wat die sonde is en wat die sonde aan ons wil doen.

God se Woord raak in meer besonderhede met sy volk en kerk se duiwe-aard besig ook as ons soos die volk in die tyd van Nahum die sonde en moeilike omstandighede rondom ons moet vertolk- dan lees ons in Nahum 2 vers 7: *... haar slavinne klae soos die stem van duiwe en slaan op hulle bors ...* Hiermee saam staan in Jesaja 38 vers 14 dit wat uit elke hart en stem kom - *ek het gekir soos 'n duif; my oë het dof gekyk na bo: HERE, ek is benoud, wees U my Borg!*

Waar ek ná vandag amptelik na 'n ander gemeente moet oorbeweeg, mag dit ons almal se gebed wees- dat God ons al meer die duiwe-aard mag gee. Dat sy Kerk haar duiwe-aard nie mag verloor nie. Hier waar u kerk vir die Here is en dit nog altyd moet wees, bid ons vir dit wat Psalm 74 vóór die Here gevra het - *19 Gee aan die wilde diere die siel van u tortelduif nie oor nie; vergeet nie vir altyd die lewe van u ellendiges nie. 20 Aanskou die verbond, want die donker plekke van die land is vol wonings van geweld.*

Om die verbond te bly aanskou, om u duiwe-aard nie te verloor nie, dis ook my gebed vir hierdie gemeente vir die dae wat kom, vir die jare, die dekades, ja hoe lank hierdie gemeente ook nog mag bestaan. Laat u duiwe-aard groter wees as die donkerte om ons. Dit wat Psalm 74 ook aanskou as die donker plekke van die land, vol wonings van geweld. Hoe toepaslik is dit ook nie vir die Suid-Afrika waarin ons bly nie. Of dit nou in Pretoria is of dan ook Postmasburg, donker plekke is oral en dreig om donkerder te word. Ja, selfs die donkerte in ons elkeen se harte is iets waarna gekyk moet word en wat voor die Here erken moet word. Die donkerte in ons, rondom ons, buite ons, dit sien ons, terwyl donkerte eintlik nie gesien wil word nie. Mag ons dit wil sien. Maar ons sien en bid om baie meer, ook vir hierdie kerk as ons vanuit die gesig van die tortelduif hierdie gemeente as tortelduif voor die Here bly stel om dan vir die Here vanuit sy verbond te vra- dit wat vers 2 gevra het - *2 Dink aan u vergadering wat U in die voortyd verwerf het, wat U verlos het ...* maar soos hierdie Psalm op verskeie maniere vir die Here vra – *dink aan* – verse 2, vers 18, vers 20, vers 22, elke keer kan ons die Here vra - *dink aan* - en daarom is my gebed

vir u as gemeente dat die Here altyd aan u mag dink, ja dat u die tortelduif vir die Here sal wees wat u moet wees, dat u die tortelduif mag bly waarvoor ons die Here mag vra - *19 Gee aan die wilde diere die siel van u tortelduif nie oor nie ...*

AMEN